Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

17 April 2026 Uitgawe: 2/2/2026

## UIT DIE KANTOOR

Die tweede week van hierdie kwartaal is reeds verby en daar word reeds volstoom gewerk.

Verlede Vrydag het die leerders hul kwartaalverslae ontvang. Graag herinner ek ouers aan die ouer-afspraakaand van eerskomende Dinsdag, 21 April. Heelwat ouers het reeds afsprake met personeel gemaak, maar indien u steeds nog ’n behoefte het om ’n onderwyser te kom sien, kan u gerus die kantoor skakel om ’n tydgleuf te bespreek. Personeel is reeds vanaf 16:00 af beskikbaar vir afsprake.

Verlede Saterdag het verskeie sportdae regoor die stad plaasgevind. Tjokkies het ook gasheer gespeel vir die o/7 ouderdomsgroep. Graag bedank ek die Gr.1 ouerkomitee onder leiding van Risna van Rooyen vir puik reëlings in terme van die kosverkope. Ek wil ook elke ouer wat op die dag sy/haar hulp aangebied het, hartlik bedank vir u bereidwilligheid om te help. Dit was ’n groot spanpoging en uiters suksesvol. Baie geluk.

**Gewoonlik is April-maand redelik deurmekaar met al die sport en vakansiedae wat ingepas moet word. Volgende week Donderdag speel ons rugby- en netbalspanne liga teen Onze Rust Primêre Skool, maar ons neem ook die naweek deel aan ons eerste Wesgrow-wedstryde. Die wedstryde van Vrydag teen Truida Kestell (omgeruil volgens kalender) begin reeds om 13:00 wat beteken dat die skool Vrydag, 24 April om 12:00 sal verdaag.**

**Ouers moet verder daarop let dat Maandag, 27 April ‘n vakansiedag is. Die ligawedstryde wat geskeduleer is teen Willem Postma wat Donderdag, 30 April sou plaasvind, is vervroeg na Woensdag, 29 April. Die skool sal dan Donderdag, 30 April weer om 12:00 verdaag vir die langnaweek.**

## ANDER

**Prysuitdelingsbrief**


Aangeheg is ‘n brief met die kriteria vir toekennings waarvoor die leerders in aanmerking kan kom. Ons stuur dit reeds vanjaar vroeg uit sodat ouers hulle vroegtydig kan vergewis van hoe dit toegepas word. Die prysuitdelings vind in November plaas.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 17 April: | Mediaprefekte uitstappie |
| 18 April: | ATKV Redenaars – Welkom |
| 20 April: | Mangaung Metro Netbalproewe (o/12 & o/13) |
| 21 April: | Skaakliga |
| | Gr.1-7 Oueraand |
| 23 April: | Rugby- en Netballiga @ Onze Rust |
| 24 April: | Skool verdaag om 12:00 |
| | Wesgrowliga vs Truida Kestell (tuis) |
| | Voortrekkers Herfskamp |
| 25 April: | Wesgrowliga vs Jordania (tuis) |
| | Voortrekkers Herfskamp |
| 27 April: | Vryheidsdag (vakansiedag) |
| 28 April: | Skaakliga |
| | Leerders ontvang toetswerk (Gr. 4-7) |
| 29 April: | Wesgrowliga @ Willem Postma |
| 30 April: | Skool verdaag om 12:00 |
| | H/S Sentraal: Standardbanktoernooi (o/12 & o/13 Netbal en o/13 Rugby) |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 17 April: | Me. Sanet Horn (KS) |
| 19 April: | Mnr. Simon Nieuwoudt (Gr. 6) |
| 24 April: | Juf. Louise van Blerk (RO) |
| 27 April: | Juf. Louise Jacobs (Gr. 3) |
| 28 April: | Juf. Sanja Venter (Ass) |



Betrokke ouer

Betrokke beteken om deel te wees van, belas te wees met, of bemoeid te wees met 'n spesifieke saak, persoon of aktiwiteit.

Dis ‘n groot voorreg en seëning om as kind betrokke ouers te kan hê en as ouers, een te kan wees. Ouers wat ondersteun langs die sportvelde, opofferinge maak om te voorsien waar nodig, troos wanneer teleurstellings kom en wyse leiding gee tot die beswil van hul kinders.

God ons Vader is die mees betrokke Ouer wat ek ken! ALTYD daar, ALTYD getrou, ALTYD gereed om enige tyd, enige plek te luister en te help. WOW! "Wat is die mens dat U aan hom dink, die mensdom dat U vir hulle omgee?" (Psalm 8:5).

Mag ons net weer onthou hoe bevoorreg ons is om ‘n kind van God genoem te word!

Gebed

Dankie Vader dat U my betrokke Ouer is. U maak my deel van U familie en noem my U "seun", U "dogter." U is bemoeid met my ou lewetjie en hartsake. Ja, U ken my sit en my opstaan, U verstaan my gedagtes (Psalm 139:2). Selfs die hare op my kop is almal getel (Lukas 12:7). U sal my nooit begewe en my nooit verlaat nie (Hebreërs 13:5)

Dankie Here!

## SNUFFELS


JF-OPE-AAND
J
Gr.7 Ouerinligtingsaand
Dagboek die datum
20 APRIL 2026
JF-SKOOLSAAL 18:00
www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN
SIEN JOU DAAR!
BRING JOU OUERS SAAM!